

# Valhalla

– uniek in Suid-Afrikaanse naamgewing?

deur

Helena Liebenberg





Names Society of Southern Africa  
Naamkundevereniging van Suider-Afrika

ISSN 1012-0254

---

---

# NOMINA AFRICANA

---

---

Vol. 2 No. 1

April 1988

---

---

Journal of the Names Society of Southern Africa  
Tydskrif van die Naamkundevereniging van Suider-Afrika

## VALHALLA - UNIEK IN SUID-AFRIKAANSE NAAMGEWING?

MEV. H.C. LIEBENBERG

### OPSOMMING

Valhalla, voorstad van Pretoria, word in 1932 geproklameer as woongebied. Bykans die helfte van die straatname kom voor as plekname in Noorweë, Swede, Finland, Ysland, Rusland en Griekeland. Benewens die plekname is daar mitologiese name, asook persoonsname (histories en hedentyds) as straatname toegeken. Motivering vir die Skandinawiese en Russiese naamgewing word gesoek in die deelname van Skandinawiese en Russiese vrywilligers aan die Anglo-Boereoorlog (1899 - 1902), en die bewondering en heldeverering wat aan Boerekant vir hierdie vrywilligers bestaan het.

Aangesien die diakritiese tekens (wat 'n belangrike rol in die skrifvoorstelling van Skandinawiese tale speel) nóg op die Valhalla-kaarte, nóg op straatnaamborde aangebring is/word, het dit 'n interessante dog onvermydelike gevolg gehad vir die straatname van Valhalla: daar ontstaan 'n "nuwe" klomp name wat in die meeste gevalle 'n heel ander uitspraakvorm en klempatroon verkry het in veral Afrikaans maar ook in Engels, wat albei in sterk kontras staan met die uitspraak en klempatroon in die (by uitstek Skandinawiese) taal van oorsprong. Die naamgewing is op 'n Engelse lees geskoei wat uitspraak, spelling en klem betref. Vanweë die verlies aan diakritiese tekens voldoen 'n hele aantal Skandinawiese plekname aan die vereistes wat gestel word aan eksonieme.

## ABSTRACT

In 1932 Valhalla, a suburb of Pretoria, was proclaimed a residential area. Nearly half the street-names appear as place-names in Norway, Sweden, Finland, Iceland, Russia and Greece. In addition to place-names, mythological names and personal names (both historic and contemporary) were allocated as street-names. The incentive behind the giving of Scandinavian and Russian names is sought in the participation of Scandinavian and Russian volunteers in the Anglo-Boer War (1899 - 1902), and the admiration and hero-worship which they elicited on the part of the Boers.

The diacritics (which play an important role in the written representation of Scandinavian languages) were/are omitted on the maps and the street-signposts of Valhalla, which had an interesting though inevitable effect on its street-names: a number of "new" names originated which in most cases were given a totally different pronunciation form and accent pattern in Afrikaans in particular but also in English, and both form a strong contrast with the pronunciation and accent pattern in the (predominantly Scandinavian) language of origin. The name-giving is based on the English model of pronunciation, spelling and accent. Because of the loss of diacritics a considerable number of Scandinavian place-names comply with the requirements for exonyms.

## 1. INLEIDEND

1.1 Die naamgewing van Valhalla, voorstad van Pretoria, en sy strate neem 'n unieke plek in die Suid-Afrikaanse naamgewing in. Die pleknaam self val verrassend en vreemd op die oor van die meeste persone wat dit die eerste keer hoor. Dit klink byna bekend en alledaags vir diegene wat daar woon en werk, daar opgroei en oud word. Vanweë die geheel "andersheid" van soveel van die straatname, bly dit selfs na jare as inwoner moeilik om hulle werklik jou eie te maak, of om op jou gemak te voel wanneer jy hulle in jou mond (moet) neem; die uitspraak en die spelling bly in baie gevalle maar 'n klank-en-letter-turksy!

1.2 Hierdie voorstad wat in 1932 geproklameer is as woongebied, se naam en straatname voer die hoorder weg na vreemde lande en verplekke, aangesien bykans die helfte van die name as plekname gevind word op atlassnitte van Noorweë, Swede, Finland, Ysland, Rusland en Griekeland.

1.3 Benewens die plekname is daar baie persoonsname wat toegeken is:

- (1) 'n Aantal Germaanse godename wat ten nouste gekoppel is aan die pleknaam Valhalla, kom voor.
- (2) Historiese persoonsname vorm 'n volgende groep.
- (3) Hedentydse persoonsname van onder andere die aanvanklike grondbesitters van Valhalla en hulgene, asook die agente wat hier erwe verkoop het, se name is ook gegee.

1.4 'n Baie belangrike en interessante faset is die verskil in die uitspraak en klem van die straatname deur Afrikaanssprekendes gestel teenoor dié van Engelsprekendes, wat albei gekontrasteer word met die uitspraak in die taal van oorsprong. Diakritiese tekens kom nóg op die Valhalla-kaarte nóg op Suid-Afrikaanse straatnaamborde voor - gevolglik is die uitspraak- en klemverskille in hierdie vergelykingstudie opvallend.

1.5 In die skematiese uiteensetting in Tabel A word Skandinawies : Nie-Skandinawies as die belangrikste onderskeidende kenmerke in hierdie straatnaamstudie beskou.

## 2. HISTORIESE OORSIG

2.1.1 In 1931 verskyn daar 'n kennisgewing in die Transvaal Provincial Gazette dat Lyttelton Townships (Prop.) Ltd.

*aansoek gedoen het om die uitlegging van 'n dorp op die plaas Zwartkop No. 476, Pretoria Distrik, suid van Pretoria Stad, ses myl van Kerk Plein, Pretoria, grensende aan die Kantonnemente, Robertshoogte, en die Zwartkop Vliegbaan. (Kennisgewing No. 42 van 1931)*


Die voorgestelde naam Pretoria Heights word deur die Posmeester -generaal afgekeur omdat daar moontlik verwarring kon ontstaan tussen dié naam en die aangrensende Roberts Heights (die latere Voortrekkerhoogte). Kort daarna is Zwartkop Estates voorgestel, en 'n paar maande later word die naam VALHALLA voorgelê aan die

TABEL A

## VALHALLA : STRAATNAME

## Skandinawies

## Nie-Skandinawies



TOTAL : 78 name

Posmeester-generaal wat dit so goedgekeur het. Daar is aanvanklik voorsiening gemaak vir 416 woonerwe van 1 morg elk, en 28 besigheidserwe.

2.1.2 Dat die keuse kon val op die naam Valhalla is seker nie so vreemd nie, want hierdie voorstad het aan drie kante aan militêre grondgebied gegrens (die "Kantonnemente", "Robertshoogte" en die "Zwartkop Vliegbaan"), terwyl dit op die kaart lyk asof die Lugmag-Gimnasium se grondgebied 'n winkelhaak uit Valhalla se Oosbakens sny. Hierdie militêre milieu roep op sy beurt die lewensbeskouing van die Wikings op:

*..... their disposition was proud, adventurous, with a yearning for glory, a desire to excel in battle, and a scorn for death* (Brøndsted, 1965: 347)

In die lig van hierdie lewenshouding is die toe nog ongekerstende Wikings se beskouing van 'n hiernamaals as synde 'n heldehemel, heeltemal te begrype. W/Valhalla is afgelei van Oud-Noors Valhöll: valr"die gestorwe helde/krygers" + höll "saal". Die Germaanse heldehemel/soldateparadys is voorgestel as 'n koningsaal wat met goud geskitter het. Die mees alledaagse dog onontbeerlike mitologiebesit uit hierdie streek wat ons in Afrikaans en Engels het, is die name van die dae van die week. Die godename Thor (Thursday/Donderdag), Wodin (Wednesday/Woensdag) en Freya (Friday/Vrydag) kom ook as straatname voor.



2.1.3 Dit is gedurende hierdie tydperk dat die "vreemde", uiters interessante straatname toegeken is: plekname uit Skandinawië maar ook Rusland, en name uit die Germaanse mitologie. Van die 44 straatname wat kort na die dorpsstigting toegesê is, is 25 van die 33 wat afkomstig is uit bogenoemde sferes, behou (enkele straatnaamveranderinge is met verloop van tyd deurgevoer).

(1) Volgens oorlewering het die Pretoriase prokureur STEVEN JAMES MEINTJES (1883 - 1939) wat self in Valhalla gewoon het (1932 - 1939) en een van die dorpsontwikkelaars was, die Skandinawiese, Russiese en mitologiese name toegeken. Hy het pas na die naamgewing aan 'n inwoner (met wie referent 'n onderhoud gevoer het) gesê hý, S.J. Meintjes, het die name toegeken weens sy verbondenheid aan Skandinawië. Hierdie bewering sluit aan by Leenen, 1946: 54:

*De vorm van het zelfstandig naamwoord (dit is die geografiese naam) kom ook voor waar, in moderne straatnamen, de naam om de stad of het land zelf, als hulde- of vriendschapsblijk, aan de straat gegeven wordt.*

(2) S.J. Meintjes het geen gesins-/familieverbintenis met Skandinawië gehad nie, en het ook nie oorsee gereis nie. Hy was volkome tweetalig, goed en wyd belese, en het baie belang gestel in wêreldmitologie. Hy was onder andere in besit van 'n hele stel boeke (ongeveer 25 dele) getitel: Myths and legends of ancient Greece/Ireland, ens., asook 'n stel van twee boeke in Engels (met rooi leer beklee) wat handel het oor die Anglo-Boereoorlog met

die Engelse regimente as tema.

(3) Tydens dië Oorlog (1899 - 1902) het hy weggeloop van die hoërskool op Wellington en aangesluit by die Boeremagte in die Kaapkolonie. Later was hy glo saam met genl. Christiaan de Wet op kommando. Die sterk vermoede bestaan dat hy gedurende daardie tyd (moontlik op kommando?) bevriend geraak het met lede van die Skandinawiese en Russiese vrywilligertroepe wat aan Boerekant geveg het. Die feit dat sommige van die straatname na die kleinste, mees onbekende plekkies (bv. Vindhella) verwys, behoort as bewys te dien dat hierdie name deel was van 'n individuele herinneringe byvoorbeeld aan 'n grootwoordplek, woonplek, besoekpunt, ens.

(4) S.J. Meintjes kon hierdie groep straatname suiwer toegeken het as blyk van bewondering, waardering of heldeverering vir die onverskrokke Wikingoptrede van die Skandinawiese Korps tydens die Slag van Magersfontein op 11 Desember 1899:

*Slegs agt mans het ontkom en na die Boerestelling teruggekeer met vyf gevangenes wat hulle onderweg gevang het, by hulle; 22 man het in hierdie stryd geval, 19 is gevang en almal is gewond. (Daar was 49 manskappe by Magersfontein.) Dië Korps, hoewel min in getal (170 man),...het op waardige wyse die Skandinawiërs se eer onder die buitelandse korpse gehandhaaf. 'n Mens hoor daarginds orals woorde van lof vir die dapper Skandinawiese Korps en President Steyn het in 'n toespraak tot die herorganiseerde Korps gesê dat solank daar Boere is, die naam Skandinawiër onder hulle met eerbied onthou sal word (De Jong, C., 1984: 57).*

(5) Op 16 Desember 1927 (net ses jaar voor Valhalla se naamgewing) is die oorlogsherinnering aan hierdie heldeoptrede weer eens voor die gees geroep met die onthulling van twee gedenkkruse op die Skandinawiese grafte by Magersfontein deur genl. J.C. Smuts.

(6) Jens Friis, aanvoerder van die hergeorganiseerde Skandinawiese Korps, gee saam met sy manskappe oor by Paardeberg nadat genl. Piet Cronjé tot oorgawe gedwing is. Oor Friis en sy seun Aage wat ook aan die oorlog deelgeneem het, skryf De Jong, C., 1983:

31 die volgende:

*Jens Friis en sy seun het ná die oorlog na Suid-Afrika teruggekeer. Hy het 'n plaas by Irene en later een by Johannesburg gekoop en met beeste geboer; .... Hy was bedrywig in die verenigingslewe en voorsitter van die Rietfonteinse landbouvereniging, lid van die hoofbestuur van die Pretoriase landbouvereniging, vrederegter, sewe jaar beoordelaar van melkvee in Pretoria en elders en lid van die Witwatersrandse skietvereniging. Hy is op 23 Oktober 1930 in Boksburg oorlede.*

Dat S.J. Meintjes vir Jens Friis geken het, is 'n sterk dog onbevestigde vermoede.

2.1.4 Die besondere belang van die Russiese "deelname" aan die Anglo-Boereoorlog sal duidelik word uit die volgende aanhalings waarmee vir eers volstaan word:

(1) *Despite her official neutrality, Russia helped the South African republics more than any other country, with the exception of the Netherlands. Had the decision of going*

to war with Britain rested not only with the government but with a poll of public opinion in Russia - the vote would have been overwhelmingly in favour of military intervention and the Boers would have become Russia's allies not only on paper but in fact (Foxcroft, E., 1981: XIII).

- (2) When it was learned that Pastor Gillot of the St. Petersburg Dutch community was organising active assistance for the Boers, he received numerous applications from Russians anxious to go to South Africa to fight as volunteers. .... It is not known how many actually did, probably not more than about a hundred but varied as to motive and military experience as they were, some at least of the Russian volunteers rendered useful service to the Boers. Four served with Danie Theron's Scouts and others formed a scouting unit of their own under Lieutenant Alexis Ganetsky. Several Russians were killed in action while others were wounded, including Colonel Evgeny Maximov who succeeded Count de Villebois Mareuil, for a time, as leader of the European Legion and was elevated to the rank of Boer General (veggeneraal). Besides military assistance, Russia also sent medical aid to the Boers. An official ambulance was equipped and staffed by the Russian Red Cross and rendered useful service in Natal. A second ambulance .... split into sections, which served in hospital trains and hospitals, both in the towns and in the field (Izedinova, S., 1977: (ii)).

2.2 In 1935 kom Industrial Housing (Prop.) Ltd. (met S.J. Meintjes later as direkteur) in besit van 'n gedeelte van Valhalla. Dié Maatskappy wou veral Yskor- en Lugmag-werknemers soheentoe lok sodat hierdie mense hulle daar sou kom vestig. Die drie nuwe strate wat uitgelê is, se sprekende name was Staal-, Iskor- en Aero-weg. Staal word later Atlas (na die Atlas-Vliegtuigkorporasie) en

Iscor word Oscar. Daar is steeds 'n groot persentasie inwoners wat inderdaad verbonde is aan die Weermag, en daar woon ook baie Yskor-werknemers in Valhalla.

2.3.1 In 1933 koop mev. Olive Maud Kneen 'n groot gedeelte van Valhalla. Montague Kneen Park is vernoem na haar man, 'n bekende makelaar van Johannesburg, en Shirleyweg na hul enigste kind.

2.3.2 Tussen 1935 en 1940 word toestemming verleen dat (van) die 1 morg-erwe onderverdeel word; met hierdie onderverdeling kom 34 nuwe strate op die kaart. In hierdie fase van naamgewing lewer die Johannesburgse eiendomsagent, die Griek Christos Michael, 'n baie belangrike inset. Die Griekse plekname Acropolis, Lemnos en Atsiki, asook die Griekse persoonsname word toegeken. Hy was ook 'n toegewyde lidmaat van die Old Apostolic Church en 'n paar straatname is vernoem na apostels van hierdie kerk (Klibbe, Ninow en Campbell).

2.3.3 Ook enkele historiese persoonsname is tydens die eerste naamgewingsfase toegeken, naamlik Alaric (die Wes-Goot), Magnus ('n Noorweegse koningsnaam), Fergus, Finn (is die straatnaam Finus 'n inskrywingsfout?) en die latere Oscar wat 'n Ierse literatuur-trilogie uit die Middeleeue vorm, met Hanlon om hierby aan te sluit. Op die 1940-kaart kom (Sint) Basil en (Sint) Andrew voor as twee Christenheiliges wat in Griekeland vereer word en wat gestel word as teenpool van die heidense Alarik. Uit verskillende wêreld ontmoet Lady Godiva en die Griekse Xanthippi mekaar ook in Valhalla.

3. VALHALLA-STRAATNAAMGEWING: ENKELE SOSIO-LINGUISTIESE  
FAKTORE VAN BELANG

3.1 Die inwoners van die verlede en die hede moes 'n baie praktiese en logiese kompromis tref tussen die vreemde namelemente en die bekende in hul taalpatroon, aangesien 'n groot persentasie van die straatname nie maklik aan die volgende vereiste voldoen (het) nie:

*..... straatnamen moeten in de eerste plaats geschikt zijn voor het mondeling gebruik door de gewone burger in de dagelijkse omgewingen omvang (Leenen, 1946: 21).*

Die inwoners volg hul eie taalpatroon ten opsigte van uitspraak en klem, dit wil sê of die Engelse of die Afrikaanse reëls.

3.2 Die eerste Pleknaamkomitee word in 1940 deur die destydse Minister van Onderwys aangestel. Hoewel die volgende ten opsigte van die spelling en skryfwyse van plekname verklaar word:

- (i) *Sover moontlik moet die erkende spelreëls en skryfwyses gevolg word van die taal waaruit die naam kom.*
- (ii) *Diakritiese tekens word volgens die eise van elke taal gebruik. (Raper, P.E. e.a., 1979: 3)*

is/word hierdie beleid nie nagevolg in straatnaamgewing nie. Heelwat straatname waarvan die s.nw. 1 van die samestelling op byvoorbeeld -voël- eindig, kom op die straatnaambord voor

as -voel-: Stormvoel + s.nw. 2. Hierdie beleid in die teorie het in elk geval (nog) nie gegeld tydens Valhalla se straatnaamgewing nie, want alle diakritiese tekens ontbreek.

3.3 Aangesien die diakritiese tekens (wat 'n belangrike rol in die skrifvoorstelling van Skandinawiese tale speel) nóg op die Valhalla-kaarte, nóg op straatnaamborde aangebring is/word, het dit 'n interessante dog onvermydelike gevolg gehad vir die straatname van Valhalla: daar ontstaan 'n "nuwe" klomp name wat in die meeste gevalle 'n heel ander uitspraakvorm en klempatroon verkry het in veral Afrikaans maar ook in Engels, wat albei in sterk kontras staan met die uitspraak en klempatroon in die (by uitstek Skandinawiese) taal van oorsprong.

3.4 Hierdie praktiese sy van Suid-Afrikaanse straatnaamgewing het derhalwe 'n ernstige uitspraakprobleem voorkom wat sou bestaan het indien die lesers wel gekonfronteer sou wees met 'n stel onbekende diakritiese tekens wat letterlik gegiet is bokant (Åland, Göta) en deur (Bodø) konsonante van vreemde (veral plek=) name uit verre lande. Elke straatnaam is derhalwe in sy skrifaanbieding gelukkig reeds ontnem van 'n nog groter vreemdheid, want

*(n)ooals hij op de naamplaat staat, moet hij kunnen  
gezegd worden (Leenen, 1946: 60).*

Daar is seker nie 5% van die inwoners wat kennis dra van enige van die oorsprongtale nie.

3.5 'n Belangrike faktor wat 'n rol gespeel het in die hantering van hierdie vreemdname, is die dominante rol van Engels as een van die amptelike landstale tydens naamgewing, met die gevolglike

aanpassing van die skrifvoorstelling volgens die Engelse taalpatroon by die vreemdnaam-spelvorme (geografiese, mitologiese en persoonsname). Hierby moes die Afrikaanssprekendes aanpas in húl uitspraak en klempatroon van die Engelse "weergawe" van die vreemdname.

3.6 Die volgende het verder uit die navorsing geblyk:

3.6.1 Namate die chronologiese afstand tussen die belangrikste naamgewingstydperk (1931 - 1940) en die hede groter word, vervaag die aanvanklik "korrekte"/aanvaarde (dit wil sê op-die-Engelse-lees-geskoeide) uitspraak en klempatroon al hoe meer. Daar is van die oudste inwoners wat nog van die betrokke ontwikkelaars, eienaars en agente persoonlik geken het; hierdie inwoners spreek die straatname nog uit soos wat hulle aanvanklik uitgespreek is/moes word.

3.6.2 Afrikaanssprekende "buitestaanders" (met ander woorde nie-inwoners) wat uit die aard van die saak nie bewus is van die oorewegend Engelse linguïstiese milieu in hierdie straatnaamhantering nie, volg 'n spontane(r) Afrikaans-taalpatroon.

3.6.3 Die belangrike rol wat roetegebondenheid en die gevolglike beperking van straatnaamkennis binne 'n woongebied by sy inwoners speel, val sterk op: nie een van die inwoners met wie daar gesels is, het al die straatname geken nie, " .... want ek kom nooit daar(langs) nie". Dit geld nie net nuwe intrekkers nie, maar inwoners wat, soos die referent, 25 jaar of langer in Valhalla woon/gewoon het!



#### 4. STRAATNAAMGEWING EN -VERANDERING VOLGENS KAARTAANDUIDINGS

4.1 Die gegewens soos verkry van die drie beskikbare kaarte van Valhalla opgestel deur landmeter W. von Willich (1930 - 32, 1935) en landmeters Von Willich en J.M. Rabie (1940), word in die volgende tabeluitleensetting saamgevat. Hierin kom die volledige aantal straatname, naamveranderings, kartografiese spellingwysigings en -verskille voor:

1930 - 32	1935	1940	18.2.52	19.8.71	1987
VALHALLA		Acropolis			VALHALLA Acropolis
	Aero				Aero
Aland					Aland
Alaric					Alaric
		Andrew			Andrew
Angvik	Angvick				Angvick
Areskutan					Areskutan
	Staal			Atlas	Atlas
		Atsiki			Atsiki
		Rabie		Baldur	Baldur
		Basil			Basil
Berenicia					Berenicia
Bergen					Bergen
Bodo					Bodo
Botma	}	Bothma	}		Bothma
Geysa		Geysa			
Bulken		Bulken			

Broadway East West North South	Bovill		Bovill
Bruarfoss Grotli Bandak		Bruarfoss	Bruarfoss
	Buchan Campbell Christos Constantina Emily Eugenia		Buchan Campbell Christos Constantina Emily Eugenia
Falun Fergus Finus (Finn) Fjord Flora			Falun Fergus Finus Fjord Flora
Godiva	Freya		Freya
Gulfoss Gyda Hammerfest Hanlon Hans Hekla	Gota		Gota Gulfoss Gyda Hammerfest Hanlon Hans Hekla
Club Imatra	Holmes		Holmes
		Hugo	Hugo
			Imatra

		Ireland-Low		Ireland-Low
		Kew		Kew
		Klibbe		Klibbe
		Kneen Court	Kneen Road	Kneen
		Lambert		Lambert
		Lemnos		Lemnos
		Andre		Lister
		Lorraine		Lorraine
		Lotter		Lotter
Magnus				Magnus
		Maud Av.&C.	Maud Road	Maud
		Mayhew		Mayhew
Meteor				Meteor
		Michael		Michael
Myrdal				Myrdal
		Ninow		Ninow
Olden				Olden
Olga		Olive Av. & C.	Olive Rd.	Olga
				Olive
	Iskor			Oscar
Oslo				Oscar
		Von Willich Court	Von Willich Road	Pion
		Shirley C.	Shirley Rd.	Pion
		Meintjes		Shirley
Thor				Tana
Valkyrie				Thor
				Valkyrie
		Venlet (Vinlid)		Venlet
Vestness				Venlet
				Vestness

Viking Vindhella Vinstra Visby		Wodin Xanthippi		Viking Vindhella Vinstra Visby Wodin Xanthippi
---	--	--------------------	--	---

#### 4.2 Algemene opmerkings

##### 4.2.1 Die volgende aanhaling het ook op Valhalla betrekking:

*Op een klein aantal na zijn alle straatnamen onmiddellijk en duidelik als sodanig herkenbaar, doordat het alle samenstellingen of samenkoppelingen zijn met het woord straat of een woord met verwante betekenis als tweede lid (ibid.: 5).*

Soos uit die gegewens blyk, was die tweede lid van die Valhalla-straatnaamsamestellings aan die begin deurgaans Road; later kom Court ook by (Maud, Olive, Shirley en Von Willich). In 1952 verval al die Court-gevalle en slegs Road word behou. Die Afrikaanse ekwivalent kom nie op enige van die bestaande kaarte voor nie. Die vier breë strate rondom Montague Kneen Park is natuurlik heel beskrywend, waar -way in plaas van Road gebruik word. Die semantiese waarde van -way het egter mettertyd vervaag, want die Valhalla-tak van De Bruyn se Skoenwinkel se adres word aangegee as Broadway-Oosstraat, waar s.nw. 2 as die foutiewe -straat in plaas van -weg aangegee word, en die Engelse -way nie meer genoeg semantiese waarde dra nie en 'n verdere s.nw. 2 ter onderskeiding

benodig.

4.2.2 Die uitspraak, klem en spelling is tradisioneel Engels.

Indien al die straatname (Skandinawiese name uitgesluit) beskou word, val die volgende op:

- Acropolis [ə-kró-pə-lis] van die Grieks [a-kró-pə-ləs]
- Lemnos [lém-nos] van die Grieks [líμ-nos]
- Broadway East, West, North, South: geen Afr. ekwivalente nie
- Finus: Die soektog na die herkoms van die straatnaam Finus met streng behoud van die spelling het niks opgelewer nie; nǝg 'n identiese plek- nǝg 'n persoonsnaam kon opgespoor word. Indien daar egter na die uitspraak geluister word, nǝ. [fínəs] kan dit in verband gebring word met [fíns]: finn + genetief-s: finns. Indien daar aanvaar word (1) dat dié soort vreemdwoorde moeiliker op papier voorstelling gevind het en (2) dat 'n kompromis telkens getref moes word tussen dit wat gehoor en dit wat die eintlike spelling is, bied finn + s (met die wegval van die onbeklemtoonde [ə]) 'n goeie alternatief vir Finus.

In Noors beteken finn "Lap" en Finn kom in heelwat Skandinawiese plekname voor, onder andere in Noorweë (Finnsnes, Finnskog, Finnset, Finmark), in Finland (Finstrom) en Swede (Finnforsfallet). Daar is egter ook heelwat plekname in Ierland met hierdie aanvangstam (Finaway, Finglas, Finver,

Finisclin, Finisklin, Finnisglin, waar -isclin/-isklin/-isglin kom van inesclund "vinnigvloeiende of sterk stroom"). Die woord finn (ook fionn) "wit, pragtig, 'n persoon met blonde hare" word baie gebruik in die ou Keltiese tale. Dit is 'n gevestigde gebruik om finn/fionn as die kernelement van Ierse/Galliese persoonsname te neem. Die groot en bekende Ierse held Finn, seun van Cumail, dra ook hierdie naam. Fergus, Finn en Oscar was drie van die groot helde uit die Ierse Middeleeuse literatuur.

#### 5. SKANDINAWIESE EN DIE ENKELE RUSSIESE NAME

Die Valhalla-straatname van Skandinawiese asook die enkeles van Russiese herkoms, vorm hierdie vreemde en interessante korpus name wat deur S.J. Meintjes toegeken is. (Soos reeds bespreek, vorm die Russiese en Skandinawiese name vanuit 'n historiese oogpunt 'n eenheid.)

5.1.1 As deel van die ondersoek is 20 persone (inwoners en nie-inwoners), bestaande uit 18 Afrikaanssprekendes en 2 Engelssprekendes (wat as kontrole moes dien), gevra om die hele rits straatname hardop te lees. Sommige referente het die name alfabeties gelees, terwyl die ander die name nie-alfabeties moes lees. In die alfabetiese lys beïnvloed naam A wat die leser bv. as [v] voel, die uitspraak van die aanvangsklank van naam B en C ([v] of [ɛ]); dié beïnvloeding word opgehef in 'n nie-alfabetiese lys, want dan word

die leser met elke naam "in isolasie" gekonfronteer. Die probleem= gevalle, dit wil sê waar die uitspraakvariante [v] en [f], asook [g] en [x] voorgekom het, was byna voorspelbaar ten opsigte van Afrikaans en is bevestig deur die respondente. Die variante word in die bespreking van die individuele straatname gestel teenoor die vorm in die oorsprongetaal.

5.1.2 Die volgende aanhaling geld ook Valhalla se straatname in 'n sekere opsig:

*Sommige plekname verloor met verloop van tyd hul oorspronklike vorm, betekenis en veelseggenheid, en dit is juis hier waar die etimoloog die naam kan terugvoer na die oorspronklike vorm en betekenis, na die originele kulturele milieu waarin die naam ontstaan het (Raper, P.E., 1977: 4).*

Hierdie vreemdname het in daardie betrokke kultuur en plek van oorsprong reeds semantiese verandering/verskuiwing en vervaging ondergaan. Binne die Suid-Afrikaanse naamgewingsmilieu is hierdie vreemdname in hul "hedentydse" vorm oorgeneem en die etimologiese kennis is van minder belang, want die probleem lê op fonetiese vlak. Dit is egter 'n baie interessante faset van veral hierdie groep name, want etimologiese kennis verlig die gevoel van vreemdheid en afstand by die inwoners/gebruikers in 'n groot mate. Meer as een persoon het vir referent gesê: "Dit is nou interessant. Ek het nog altyd gewonder wát die naam beteken/waar dié naam vandaan kom".

## 5.2 Persoonsname

Hierdie groep name word vervolgens individueel bespreek en die belangrikste inligting word baie kortliks verstrek.

### 5.2.1 Mitologiese name

#### (1) Baldurweg/Road

Baldur (Yslands: Balder) 'n seun van Wodan en Freya, is die glansryke Noorse god van lig en van die jeug. In Oud-Noors staan hy bekend as Baldr/Baldær wat beteken "die beste, die voorste".

#### (2) Freyaweg/Road

Frey en Freya, broer en suster, was die gode van vrugbaarheid, liefde en die huwelik, en van lig en vrede. Die Oud-Noorse woord freyr "heer" word in Skandinawië slegs gebruik as die eienaam van die god Freyr. Freya word in Oud-Noors Freja/Fria genoem. Die woord friðr beteken "vrede" en -ja is die vroulike suffiks van die woord (vergelyk Valkyrja).

#### (3) Thorweg/Road

Thor, ook genoem Donar (Oud-Noors thorr "donder"), seun van Wodan en Moeder Aarde, is 'n baie belangrike god in die Skandinawiese mitologie. Thor was die houer van die hamer (vgl. Hammerfest: pleknaam). In Noors en in Afrikaans word die naam uitgespreek as [tór] en in Engels as [θór].

#### (4) Valkyrieweg/Road

Wodan het 'n vroueleër op die been gebring; hulle staan bekend as die Walkure (Engels: Valkyries). Die Oud-Noorse valkyrja



Vergelyk die volgende uit die *New Larousse Encyclopedia of Mythology* (1983, Hamlyn) wat die belangrikheid van die god Donar-Thor betref:


### **Donar-Thor**

The god of thunder, whose name in old German was Donar, had been revered by all the Teotonic tribes. **Some of them even considered him as the first and most powerful of all the gods**, and Roman authors often identified him with Jupiter. (Afr. *Donderdag*, Dts. *Donnerstag* en Eng. *Thursday* is na hom vernoem.)

He was a much feared divinity. Donar was not only the god of thunder. He was to a certain extent the god of war, since – according to Tacitus – the Germans invoked him and chanted his glory when marching into battle.

In Germany, it seems, Donar did not enjoy a prestige equal to that of Woden. But in certain Northern countries, and particularly **in Norway, Thor – the German Donar – finally prevailed over all the other gods**. In temples it was to Thor that the most richly ornamented altars were consecrated. Temples were even erected to his exclusive cult and many Norwegian peasants gave their children the name Thor in order to place them under his protection. (bl. 258)

This distinction is understandable if we take into account the two kinds of societies. Germany, especially at the time of the migrations, still reflected a primitive society of the religious-monarchic type; Scandinavia of the Eddic and saga time, in particular Norway and to an even greater extent its colony Iceland, shows the resistance of a great number of chieftains against the establishment of a unified monarchy of the 'Odinic' type. While kingly society looked to Woden as its principal god, a society composed of independent warriors, relying more on physical force than on cunning or birth, looked at Donar. (bl. 261).



Marten Eskil Winge: *Tor's fight with the giants* (Google Art Project)



**Voorstelling van 'n walkure uit die Noorse mitologie  
(Valkyrieweg is 'n straatnaam in Valhalla)**

beteken "die een wat die gestorwe vegters/oorlogshelde kies" en kan ontleed word as valr "die gestorwe vegters/helde" (vergelyk Valhalla) + kyrja "die een wat kies" (waar -ja die vroulike suffiks is; vergelyk Freya).

(5) Wodinweg/Road

Wodan (Engels: Wodin ('n kontaminasie van Woden en Odin)/Woden) ook bekend in Oud-Noors as Odin, is die hoofgod wat regeer het in Asgard en dus ook in Valhalla. Die Germaanse \*wod-eno/\*wod-ono se betekenis kan omskryf word as "om te inspireer tot".

5.2.2 Historiese name

(1) Alaricweg/Road

Alarik was die naam van twee Wes-Gotiese heersers. Hierdie Germaanse naam kan ontleed word as al "perfek, totaal, geheel, ten volle" + rigr van Gallies righ "koning", dus: "ten volle koning". (Vergelyk rík-domr "rykdom" wat ook die woordelement righ = rík "koning" wat "ryk" impliseer, bevat.) Die klem in die Skandinawiese tale is soos volg: [a-la-rík] terwyl dit in Engels en Afrikaans op die tweede a val.

(2) Magnusweg/Road

Dit was die naam van drie Noorweegse konings en is afkomstig van Latyn magnus "groot". In Afrikaans word die naam op twee maniere uitgespreek, nl. [mág-nəs] en [máx-nəs].

(3) Oscarweg/Road

Die Engelse mansnaam Oscar kom van Osgar van Gallies os "god"

+ gar "spies". Afgesien daarvan dat Oscar die kleinseun van Finn was, is dit ook die naam van die Koningshuis van Bernadotte (Swede): Oskar I (1844 - 59), Oskar II (1892 - 1907). Oskar kom ook voor in die Sweedse pleknaam Oskarshamn.

### 5.3 Skandinawiese plekname

Wanneer daar in hierdie navorsing na Skandinawië verwys word, word die volgende omskrywing aanvaar, nl.


*..... the term 'Scandinavia' is used throughout this book with respect to the five countries of Finland, Sweden, Norway, Denmark and Iceland. It also includes the two self-governing dependencies of the Faroes and Åland (John, B., 1984: 19).*

Die kaartuitleesing (Kaart B) toon aan waar die huidige straatname as plekname in Skandinawië en Rusland geleë is, nie met besondere geografiese aanduiding van elke pleknaam nie maar met groepering van die name per land.

#### Fjordweg/Road

Uitspraak: Noors: [fjú:r]  
Engels: [fjós:d]  
Afrikaans: [fí-jort]

Die Sweeds-Deense en Noorweegse woord fjord/fiord, Yslands (ook Oud-Noors) fjörðr beteken "(diep) seearm, see-inham" (Engels firth) of "baai" (Engels creek). Hierteenoor verwys vik na 'n klein halfmaanvormige inham of baaitjie en is kleiner as 'n fjord. Vergelyk die Yslandse uitdrukking: fjörðr milli frænda, en vík milli vina: "laat daar 'n baai (fjord) wees wat familieledede van mekaar skei, maar



'n baaitjie (vik) wat vriende van mekaar skei".

### 5.3.1 Plekname in Noorweë

#### (1) Angvickweg/Road

Noorse pleknaam:	Angvik
Uitspraak: Noors:	[áŋ-vík]
Engels:	[æŋ-vík]
Afrikaans:	[æŋ-vík], [éŋ-vík], [áŋ-vík]

Hierdie naam is saamgestel uit:

ang: Oud-Noors ǫngr (adj.), Goties aggwas, Duits eng "smal, nou"  
+ vik van vikja, Deens vig "klein inhammetjie, baaitjie", 'n woord=  
element wat baie dikwels voorkom in plekname, bv. Vik, Vikr, Reyk-  
ja(r)vik (Ysland), Leksvik (Noorweë).

In die straatnaam Vikingweg/Road kom vik ook voor. Die Oud-Noorse  
woord vikingr "wiking, seerower" is afgelei van vik + ing (-ling)  
"dié mense wat skielik uit 'n baai te voorskyn sou kom om 'n verby=  
gaande vaartuig te oorrompel". Later het hulle egter ander volke  
se hawens binnegevaar en nie net verwoesting agtergelaat nie, maar  
in talle Engelse plekname ook die agtersetseel -wich gelaat, wat  
'n afleiding van vik is.

#### (2) Bergenweg/Road

Noorse pleknaam:	Bergen
Uitspraak: Noors:	[bér-gøn]
Engels:	[bér-gən]
Afrikaans:	[bér-gən], [bér-xən]

Die pleknaam word ontleed as:

berg: Duits berg, Deens bjøerg, Sweeds berg wat "berg" soos in

Afrikaans beteken

+  
en van vin, genitief vinjar "weiveld"; vin kom dikwels voor in Noorse plekname, bv. Björg + vin, gewoonlik gewysig tot -yn (Björg-yn) of -in (Leir-in) en laastens in -en (Berg-en). In Oud-Noors was dit Bergvin en Björgvin.

(3) Bodoweg/Road

Noorse pleknaam:	Bodø
Uitspraak: Noors:	[bú-dæ]
Engels:	[bóú-dæu]
Afrikaans:	[bó-do], [bóu-dæu], [bú-du]

Die naam kom van Oud-Noors Boðin van

boði "vlak plek, versonke rots"; boði word veral as seeterm gebruik om te verwys na "rotsbreker"  
+  
vin "weiveld" (vgl. Bergen).

(4) Bruarfossweg/Road

Noorse pleknaam:	Bruarfoss
Uitspraak: Noors:	[brúár-fos]
Engels:	[brúær-fos]
Afrikaans:	[brúár-fos], [brúær-fos], [brú:r-fos]

Hierdie naam kan ontleed word as:

bruar, die genitief van Oud-Noors bru; Angel-Saksies brycg en bricc, Skots brigg, Duits brücke, Deens bro, Yslands bryggja "brug". In vroeër tye is die bou van brúe, paaie en hospitale beskou as barmhartigheidsdiens wat daargestel is vir die sielswelsyn, en in die Sweedse Rune-inskripsies word sulke brúe dikwels vermeld; hierdie



oorgange is volgens hierdie inskripsies opgerig deur goeie/barmhartige mense ter wille van die dooies se siele,  
 +  
foss wat in verband gebring kan word met die ouer fors "fors, krag", wat beteken "waterval, krag/fors". Hierdie woorddeel -foss kom dikwels voor in Skandinawiese plekname, bv. Honefoss, Raufoss (Noorweë), Gullfoss (vgl. Gulfossweg/Rd), Skogafooss, Dettifoss, ens. (Ysland).

Hoewel Bruarfoss nóg op die atlas te vinde is nóg as pleknaam elders beskryf is, dien die volgende argument as motivering om Bruarfoss as 'n Noorweegse pleknaam te plaas: Die huidige Bruarfossweg/Road word op die 1932-kaart verdeel in drie aaneenlopende strate, nl. Grotli Road wat oorloop in Bandak Road wat oorloop in Bruarfoss Road. In 1952 word die eerste twee straatname geskrap en die lang straat staan sedertdien bekend as slegs Bruarfossweg/Road. Sowel Bandak as Grötli is plekname in Noorweë, en dat Bruarfoss ook in Noorweë geleë is, kan in die lig hiervan met redelike sekerheid aanvaar word. (Vergelyk ook Bothmaweg/Road onder Russiese plekname.)

(5) Floraweg/Road

Noorse pleknaam:	Florø
Uitspraak: Noors:	[flú-rø]
Engels:	[fló-rø]
Afrikaans:	[fló-ra]

Die Noorse pleknaam word byna uitgespreek soos die Engelse Flora.

Flora is die uitsondering op die reël ten opsigte van diakritiese tekens want die o is omstel tot a in plaas daarvan om o te bly soos in Bodo en Gota. Die straatnaamgewer of kartograaf het die omsteling van die Skandinawiese spelling skynbaar gedoen om aan te pas by die Engels uitspraakpatroon vóórdat die kaart opgestel is, want daarop kom Bodo en Flora as enigste moontlikhede voor.

Die naam is afkomstig van Oud-Noors flōð en hou verband met Angelsaksies flōd, Engels flood, Sweeds/Deens flod, Duits fluth "vloed" in die betekenis van "vloedgolf, oorstroming". Die betekenis van flōð as die "vloed" van 'n rivier of die see word nog net in ou poësie aangetref.

(6) Hammerfestweg/Road

Noorse pleknaam:	Hammerfest
Uitspraak: Noors:	[hɑ́-mər - fest]
Engels:	[hæ-mə-fest]
Afrikaans:	[hɑ́-mər-fest]

Hierdie pleknaam kan ontleed word as:

hammer, van hamar "hamer", wat metafories gebruik word om te verwys na 'n hamervormige, uitstaande rots en wat veral voorkom in plekname in Noorweë en Ysland  
 +  
fest "vasmeerplek", verwant aan festa "om vas te maak met 'n tou";  
 vgl. festa skip "om 'n skip vas te meer", asook festr "vasmeertou".

(7) Listerweg/Road

Noorse pleknaam:	Lista
Uitspraak: Noors:	[lís-tə]
Engels:	[lís-tə]
Afrikaans:	[lís-tər]

Die naam kom van lista; die hedentydse vorm is listi "list" ('n timmermansterm), asook "selfkant" van materiaal. Die pleknaam kom van Listeren wat as straatnaam verkort is tot Lister, en wat deesdae in Noorweë genoem word Lista: 'n skiereiland waar 'n lig-toring voorkom. Op 19 Augustus 1971 is Andreweg/Road verander na Listerweg/Road. Die motivering wat gegee is vir hierdie verandering was dat Andre behou word in Teliba, Pretoria-Noord. Aangesien dia-kritiese tekens ontbreek, kan hierdie straatnaam verklaar word as synde òf die manlike voornaam André, of die Noorse pleknaam Andre wat presies sò gespel word.

(8) Myrdalweg/Road

Noorse pleknaam:	Myrdal
Uitspraak: Noors:	[mý:r-də:l]
Engels:	[mó:-dəl]
Afrikaans:	[mó:r-dəl]

Die naam is saamgestel uit:

myr "moeras, vlei(grond)", 'n woord wat dikwels voorkom in plekname; die Myramem is die inwoners van die Myra-provinsie (dis ook 'n familie-naam)  
+  
dalr "dal" wat dikwels voorkom in plekname en wat 'n baie algemene pleknaamelement is in hierdie lande wat so dalryk is.

(9) Oldenweg/Road

Noorse pleknaam:	Olden
Uitspraak: Noors:	[ú1-dən]
Engels:	[ɔ1-dən], [əú1-dən]
Afrikaans:	[ɔ1-dən]

Olden kom vermoedelik van alda "golf", en word veral gebruik om te verwys na 'n roller; so byvoorbeeld beteken undiralda (in die Edda) "die golwe in die oop see in kalm weer".

(10) Osloeweg/Road

Noorse pleknaam:	Oslo
Uitspraak: Noors:	[ús-lu]
Engels:	[ɔz-ləu]
Afrikaans:	[ɔs-lɔ:]

Die pleknaam is saamgestel uit

os, waaroor daar nie ten volle duidelikheid in die bronne bestaan nie: dit kan ðf wees (i) Oud-Noors ass "god" (meervoud aesir) of die eienaam Ass, die god Thor, ðf (ii) oss "breë riviermonding" + lo "weiveld op 'n (moeras-?)deel omring deur die see of 'n rivier; vergelyk die Belgiese pleknaam Waterloo.

(11) Tanaweg/Road

Noorse pleknaam:	Tana
Uitspraak: Noors:	[tá-na]
Engels:	[tá-nə]
Afrikaans:	[tá-na]

Die naam is afgelei van Laps Dædno "die groot rivier"; in Fins word dit Teno genoem. Op 19 Augustus 1971 is Meintjesweg/Road verander na Tanaweg/Road. As motivering word die volgende gegee:

Die naam Meintjes word behou in Trevenna, Pretoria. Interessant genoeg was die straatnaam in Trevenna oorspronklik die vrouenaam Meintje (Afr. Mientjie) waaraan daar later verkeerdelik 'n -s toegevoeg is wat dit toe laat lyk het na die familienaam Meintjes. Op die huidige straatnaambord staan egter Meintjes - nog eens 'n spelfout in verandering.

(12) Vestnessweg/Road

Noorse pleknaam: Vestnes

Uitspraak: Noors: [vést-nəs]

Engels: [vést-nəs]

Afrikaans: [vést-nəs], [fést-nəs]

Die pleknaam kan ontleed word as:

vest, Oud-Noors vestr; Angel-Saksies, Engels en Duits west, Deens vester "(die) weste"; vergelyk Yslands: Vest-mágr "'n man van die Britse Eilande, veral van Ierland"  
 +  
nes, Angel-Saksies nes, Engels ness, Duits nase, Latyn nasus "neus", dit wil sê 'n puntjie (wat lyk soos 'n neus) van die land wat uitloop in die see of 'n meer of selfs 'n rivier. Dié woorddeel kom dikwels voor in geografiese name van Ysland, Noorweë, Skotland en Engeland. Vestnes is die naam van (i) 'n dorpie geleë aan die see, of (ii) 'n dorpie geleë op 'n eilandjie ten noorde van Grytøya. Daar is dus twee plekkies met dieselfde naam. Die pleknaam is ook verengels wat spelvorm betref, en kom as straatnaam voor as Vestness.

(13) Vindhellaweg/Road

Noorse pleknaam:	Vindhella
Uitspraak: Noors:	[vɪnd-hɛla]
Engels:	[vɒn-dɛ-lə]
Afrikaans:	[vɒn-dɛ-la], [fɒn-dɛ-la]

Die geografiese naam is saamgestel uit:

vind van Oud-Noors vinda; vergelyk Goties, Angel-Saksies windan, Engels wind, Duits winden, Deens vinde "om te wring, op te wen, te draai" (in Afrikaans kry ons die verwante vorme opwen, opwindend, opgewonde)

+ hella van Oud-Noors hella, Sweeds hall "plat klip, leiklip"; die geheelbetekenis van die samestelling kan die volgende wees: "erg verweerde klip" (weens wind- en watererosie).

Naby die Svategiel-ravyn (kloof) uitgekalkwe deur die Lærdalselv (elv "rivier"), kom 'n mens 'n groot rotsmassa teen wat bekend staan as die Vindhella. In die lig van hierdie geografiese omgewing is die betekenis van die pleknaam duidelik.

(14) Vinstraweg/Road

Noorse pleknaam:	Vinstra
Uitspraak: Noors:	[vɪn-strɑ]
Engels:	[vɒn-strə]
Afrikaans:	[vɒn-strɑ], [fɒn-strɑ]

Die naam is afkomstig van Oud-Noors vinstri; vergelyk Deens venstre, vånstre "die linkerkant(se)". Dit is die naam van 'n rivier en die vallei waarin die rivier vloei, en is geleë in die Gubrandsdal.

### 5.3.2 Plekname in Swede

#### (1) Åreskutanweg/Road

Sweedse pleknaam:	Åreskutan
Uitspraak: Sweeds:	[ʔ:ɾə--skú-tan]
Engels:	[æ-rɒs--kjú-tən]
Afrikaans:	[a-rɛs--ký-tan]

Die naam is afkomstig van:

Åre waarvan die etimologie onduidelik is; dit is die naam van 'n dorp in die pragtige Åre-vallei aan die voet van die Åre-berg + skúta "om uit te staan (om byvoorbeeld 'n skuiling of grot van rotse te vorm), oorhang"

Åreskutan verwys egter na die berg waarom daar baie legendes verweef is. Dus: "die berg genaamd Åre wat oorhang, uittroon (bo)".

#### (2) Falunweg/Road

Sweedse pleknaam:	Falun
Uitspraak: Sweeds:	[fá-lun]
Engels:	[fæ-lən]
Afrikaans:	[fa-lún]

Moontlik is hierdie pleknaam afkomstig van 'n riviernaam Fala van 'n Oud-Sweedse adjektief fal "bleek, bleek-geel", kenmerkend van die kleur van die water. Die ou myndorp is geleë aan die oevers van die Falun-rivier tussen die Varpa- en die Runn-meer.

#### (3) Gotaweg/Road

Sweedse pleknaam:	Gotå
Uitspraak: Sweeds:	[jótå-tå]
Engels:	[gótå-tå]
Afrikaans:	[gótå-tå], [xótå-tå], [gótå-tå], [xótå-tå]

Die Oud-Noorse woord gotar (meervoud) "mense" is toegeken aan een van die Sweedse stamme van ouds en so het die selfstandige naamwoord 'n eienaam geword: die Gote. 'n Ander stam met die naam Gautar het in die Weste van Swede gewoon en die plekname Gautland (land van die Gautar), Gaut-Elfr (die Göta-rivier), asook Göteborg hou verband. Die Oud-Noorse woord gaut hou verband met gjota "om 'n blik te werp na, die oë te rol" wat vroeër heelwaarskynlik 'n positiewer betekenis (moes) gehad het. Die Gautar en die Gotar as eiename kom van dieselfde woordstam. Die dorp Göta is geleë aan die Göta-rivier, suid van Trollhättan.

(4) Venletweg/Road

Sweedse pleknaam:	Vinlid
Uitspraak: Sweeds:	[vín-lid]
Engels:	[vén-lət]
Afrikaans:	[vén-lət], [fén-lət], [fén-lət]

Die straatnaam wat as Venlet gespel word, het in geen bron ingepas as pleknaam of persoonsnaam nie. Daar is wel 'n Sweedse pleknaam Vinlid wat uitgespreek word soos wat Venlet geskryf word. Waarskynlik is die spelling tydens naamgewing aangepas by die uitspraak, vandaar die verskil tussen die Engelse en Sweedse skrifbeeld. Vinlid(en) is die naam van 'n plek wat geleë is langs die spoorlyn in die Västerbotten-provinsie. Dieselfde wordelement kom ook voor in Vinlidsberg naby Vinliden wat naby die spoorlyn na Storuman geleë is.



(5) Visbyweg/Road

Sweedse pleknaam:	Visby
Uitspraak: Sweeds:	[vís-by]
Engels:	[vós-bi]
Afrikaans:	[vós-bi], [fós-bi]

Die naam is afkomstig van:

vi wat kom van Vi (Oud-Sweeds); vergelyk Oud-Noors wi van we

"tempel" + s (verbindingsklank)

+ by van bi "plek".

Dus: "tempel se plek" of "plek van die tempel" (inderdaad "heidense plek van aanbidding, heilige plek"). Dit is die hoofdorp op die eiland Gotland wat aan Swede behoort.

5.3.3 Plekname in Finland

(1) Ålandweg/Road

Finse pleknaam:	Åland
Uitspraak: Sweeds:	[ó:-land]
Engels:	[æ-lənd]
Afrikaans:	[a-lánt]

Die Åland-eilande (Fins: Ahvenanmaah) is geleë tussen Swede en Finland aan die suidpunt van die Golf van Botnië wat deur hierdie eilande geskei word van die Baltiese See. In 1921 word die eilande formeel toegesê aan Finland, die bevolking word selfregerend, word permanent gedemilitariseer en word die uitsluitlike gebruik van Sweeds toegestaan.

(2) Imatraweg/Road

Finse pleknaam:	Imatra
Uitspraak: Fins:	[i-má-tra]
Engels:	[i-má-trə]
Afrikaans:	[i-má-tra]

Dit is die naam van 'n dorp in die Kymi-provinsie wat na aan die Russiese grens geleë is.

5.3.4 Plekname in Ysland

(1) Gulfossweg/Road

Yslandse pleknaam:	Gullfoss
Uitspraak: Yslands	[gútl-fos]
Engels:	[gʌl-fos], [gíl-fos]
Afrikaans:	[gəl-fos], [xəl-fos], [gəl-fos], [gúl-fos], [xúl-fos]

Hierdie pleknaam is afkomstig van:

gull "goud"; in die oudste manuskripte word dit gespel as goll; vergelyk Engels en Duits gold, Deens guld, Sweeds en Noors gull + foss "waterval, forsheid, krag", dit wil sê "goue waterval". Die straatnaam is egter foutief gespel as Gulfoss in plaas van Gullfoss. Die twee woorddele (gull- en -foss) word ook gevind in onder andere die pleknaam Gullstrand (Swede) en Selfoss (Ysland). Vergelyk ook Bruarfoss(-weg/Road).

(2) Heklaweg/Road

Yslandse pleknaam:	Hekla
Uitspraak: Yslands:	[hék-la]
Engels:	[hék-la]
Afrikaans:	[hék-la]

Die naam van die vulkaniese berg kom van hekla wat beteken "'n soort (monniks)py of -kap met verskillende kleure". Vroeër is die samestellings Heklu-fjall en Heckla-fell gebruik om na Hekla die berg, te verwys. In moderne gebruik word slegs Hekla gebruik, moontlik so genoem vanweë die sneekap op die piek van die berg. Gedurende die Middeleeue het Hekla 'n mitiese konnotasie in Europa begin kry en is dit beskou as die plek van straf vir die veroordeeldes.

#### 5.3.5 Plekname in Rusland

##### (1) Bothmaweg/Road

Die enigste "Afrikaanse" van in die hele lys straatname, is Bothmaweg (die bekende Afrikaanse familienaam). Op die 1930-32-kaart was daar, net soos in die geval van Bruarfoss, Grotli en Bandak ook drie strate, nl. Botma, Geysa en Bulken. Referent maak die bewering dat Botma eintlik moes gelees het: Botna; die m en die n lê baie naby wanneer die twee name uitgespreek word, en die moontlikheid dat 'n luister- en ñ gevolglike spelfout kon insluip, is nie vergesog nie. Botna is 'n pleknaam in Rusland. 'n Ent van Reykja(r)vik en nie ver van die Gullfoss-waterval nie, word die bekende warmwaterbron Geysir, aangetref. In Oud-Noors beteken die werkwoord geysa "om vorentoe te beweeg/spoel met groot geweld". Die derde straatnaam, nl. Bulken is 'n baie naby fonetiese weergawe van Balkan. Die latere wending wat die Balkan-kwessie geneem het tot politieke nadeel van Rusland, was een van die redes vir dié land se betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog:

*In 1877 Russia was involved in a war with Turkey to liberate fellow Orthodox Christians, Balkan Slavs, who had been for several centuries under the Turkish yoke. The Turkish Empire was declining fast. Constantinople occupied a key position and several powers, including Britain feared that Russia might seize it. It had been one of the objectives of Russian foreign policy.*

*The Turkish campaign was hard and heavy in casualties, but successful and victorious Russian troops were encamped within sight of Constantinople. The preliminary Peace Treaty of San Stefano was signed on 3 March 1878. Its terms were favourable to the Balkan States and to Russia.*

*Britain and Austria, who wanted an upper hand in the Balkans could not tolerate seeing Russia become the heir of the Turkish Empire. ....*

*The result of all these considerations was the Congress, which took place in Berlin in June - July 1878. .... The French delegate .... gave his support to Britain .... Austria was openly hostile. Russia found herself outnumbered, isolated .... Thus the interests of the Balkan people, and her own were damaged to placate Austria and Britain .... (Foxcroft: 1, 2).*

Op die 1940-kaart is die "twyfel" tussen Botna en Botma beslis opgelos deur die kartografiese wysiging in die spelling van die familienaam Botma na Bothma. Daar kon egter geen verband met so 'n persoon met hierdie familienaam opgespoor word nie. Die sterk vermoede bestaan dus dat dit 'n Russiese pleknaam is wat aangepas is by die bekende Suid-Afrikaanse milieu.

(2) Gydaweg/Road

Russiese pleknaam:	Gyda
Uitspraak: Russies:	[gí-da]
Engels:	[gí-do]
Afrikaans:	[gí-da], [gáí-da], [góí-da], [xóí-da]

Dit is die naam van 'n dorp aan die noordkus van Rusland, aan die Kara-See (wat vervloei met die Arktiese See). Dit is ook die naam van 'n bergreeks (die Gydan-reeks) wat geleë is in Suid-Siberië.

(3) Olgaweg/Road

Russiese pleknaam:	Ol'ga
Uitspraak: Russies:	[ól-ga], [ól-xa]
Engels:	[ól-ga]
Afrikaans:	[ól-ga]

Dit is die naam van 'n hawedorp geleë aan die See van Japan. Die naam hou verband met die Russiese vrouenaam Olga van die Skandinawiese voornaam Helga, van Oud-Noors heilagr (helgan) "heilige" (adjektief). Sinte Olga (oorlede 969?) was die Hertogin van Kiev. Sy was die weduwee van Igor (oorlede 945) en regentes vir haar seun Svyatoslav (945 - 57). Sy het die Christelike godsdienst in Rusland baie bevorder. Dié naam kan op twee maniere uitgespreek word in Russies: indien Olga verwys na die vrouenaam, word dit uitgespreek as [ól-ga]. As die naam egter verwys na die el (boomsoort) word dit uitgespreek as: [ól-xa].

6. SKANDINAWIESE EN RUSSIESE PLEKNAME: 'N BESONDERE SOORT EKSONIEMGROEP

6.1 Hierdie korpus straatname vorm 'n heel besondere soort eksoniemgroep; hierdie eksonieme kan gegroepeer word binne 'n geografiese en dus onderwerpsgebonde omgewing en enkele afgebakende kategorieë (die betrokke lande) word onderskei.

6.2 Raper, P.E., 1987 haal die volgende definisie van die eksoniem aan: die eksoniem is

*a geographical name used in a certain language for a geographical entity situated outside the area where that language has official status and differing in its form from the name used in the official language or languages of the area where the geographical entity is situated (Glossary No. 330/Rev. 2: 19).*

Eksonieme (onoffisiële plekname) word gestel teenoor endonieme (plaaslike offisiële plekname). Die betrokke straatname voldoen ten volle aan die kenmerke van die eksoniem, o.a. die volgende:

- (1) *The question of what constitutes an exonym can thus best be answered in terms of the official or non-official status of the language of the area where the entity is situated (ibid.: 2).*

Die Skandinawiese en Russiese plekname verskil in uitspraak, spelling en klem van Engels en Afrikaans wat binne hierdie soort Suid-Afrikaanse naamgewing gebruik word.

- (2) *An exonym may be a phonological adaptation of the endonym (ibid.)*

Vergelyk in hierdie opsig die Engelse spelling in

- Alaric (i.p.v. Alarik, maar met geen fonetiese verskil nie)

- Angvik (korrekte spelling) word deur die kartograaf verander na Angvick met die invoeging van c.
- Botna (as pleknaam) word "gehoor" as Botma wat gewysig word in spelling tot die bekende Bothma.
- Die korrekte spelling van die volgende endoniem is Florø, hoewel die Noorse uitspraak redelik naby die Engelse uitspraak is.
- Venlet is vir die referent die Engelse spellingweergawe van die Sweedse pleknaam Vinlid; die uitspraak stem in 'n groot mate ooreen hoewel die skrifvoorstelling verskil.

(3) *An exonym may differ totally from the endonym .... or it may differ from the endonym by only a letter .... The degree or extent of deviation is irrelevant; if a name differs in form from an endonym it is an exonym, even if the difference in form is occasioned by declension or derivation, or by the addition or omission of articles or diacritics (ibid.: 3).*

Waar die straatname wel diakritiese tekens in die oorsprongtaal het, word hierdie tekens weggelaat by die eksonieme:

- Åland word Aland
- Åreskutan word Areskutan
- Bodø word Bodo
- Florø word Flora
- Göta word Gota

Aangesien hierdie diakritiese tekens met hulle gevolglike klank= waarde in die verskillende Skandinawiese tale nóg in Engels nóg in Afrikaans gebruik word, is die kartografiese weergawe 'n beves=

tiging van die volgende:

*Indeed, exonyms are easier to process and remember in the native language than names in unfamiliar, foreign forms (ibid.).*

(4) Raper (p. 9) verwys ten slotte na die mees ideale wyse waarop sodanige endonieme - en by implikasie dus ook by Suid-Afrikaanse plekname - aangedui kan word:

*It has been pointed out (Brau 1986: 277) that this type, where the endonym is followed by the exonym in parenthesis, is most advantageous, since the endonyms are always in the same position.*

Hierdie ideale toestand sal egter in die praktyk moeiliker bereik word in straatnaamgewing, suiwer vanweë 'n ruimteprobleem op die tradisionele naambordgrootte. In atlasindekse en dies meer is dit egter moontlik om letterlik meer ruimte toe te staan aan 'n pleknaam: die endoniem en sy betrokke eksoniem(e) kan (almal) geplaas word. Binne 'n straatnaamgewingsituasie soos dié in Valhalla sou die plasing van die endoniem die beste oplossing bied, want op hierdie manier word daar voldoen aan die ideaal van eenvormigheid. Die interpretasie van die diakritiese tekens sal egter probleme veroorsaak vir die straatnaamgebruikers.

## 7. SLOT

Die navorsing oor die straatname van Valhalla het die volgende duidelik aan die lig gebring: hierdie groep name dra 'n unieke stempel vanweë die besondere naamfasette wat onderskei word.



Plek- en mitologiese name, asook historiese en hedentydse persoonsname is toegeken. Hoewel dit op die oog af na net nog 'n klomp straatname lyk, kan daar beslis 'n logiese patroon onderskei word. Aanvanklik bepaal historiese en sosiolinguistiese faktore die naamkeuse; tog kan dié name verrassend suiwer gekategoriseer word volgens bepaalde riglyne. Die uniekheid van die straatnaamgewing lê hierin: deur 'n besondere (moontlik toevallige?) planmatigheid word fragmente van 'n ver wêreld (geografies, mitologies en histories) suksesvol gekombineer met die naby wêreld van "gewone" mense wat in Valhalla geleef en gewerk en daaraan help bou het.

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PRETORIA

## BIBLIOGRAFIE

1. BAEDEKER, K. 1982. Scandinavia. Norwich: Jarrold & Sons, Ltd.
2. BOLCKMANS, A. e.a. 1965. Leerboek Noorse taal. Groningen: J.B. Wolters
3. Book of Facts. 1985. London: The Reader's Digest Association Ltd.
4. BRANSTON, B. 1978. Gods and heroes from Viking mythology. Beccles, England: William Clowes
5. BRIDGWATER, W. (ed.). 1964. The Columbia-Viking Desk Encyclopedia. New York: Dell Publishing Co., Inc.
6. BRØNDSTED, J. 1965. The Vikings. London: Penguin
7. CROSS, T.P. and C.H. SLOVER. 1969. Ancient Irish tales. Dublin: Figgis
8. DE JONG, C. 1983. Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-Oorlog, Deel I. Uitgegee onder beskermheerskap van die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging te Amsterdam.
9. - 1984. Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-Oorlog, Deel II. Uitgegee onder beskermheerskap van die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging te Amsterdam.
10. - 1987. Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-Oorlog, Deel III. Uitgegee onder beskermheerskap van die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging te Amsterdam.
11. DEWDNEY, J.C. A Geography of the Soviet Union. Third Edition. Oxford: Pergamon Press.
12. DU PLESSIS, E.J. 1973. 'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername. Naam=kundereeks nr. 3, R.G.N. Kaapstad: Tafelberg

13. EIJKMAN, J.C.B. MCMXXIX Bijdrage tot de kennis der Grieksche Toponymie. Amsterdam: H.J. Paris
14. Fodor's Greece 1983. London: Hodder and Stoughton
15. GORDON, E.V. 1968. An introduction to Old Norse. Second edition, revised by A.R. Taylor. Oxford: Clarendon Press
16. GREGORY, J.S. & D.W. SHAVE. 1944. The U.S.S.R. - a geographical survey. New York: John Wiley & Sons
17. IZEDINOVA, S. 1977. A few months with the Boers. Translated and edited by C. Moody. Johannesburg: Perskor Book Printers
18. JOHN, B. 1984. Scandinavia - a new geography. London: Longman
19. JOYCE, P.W. 1912. The origin and history of Irish names of places. London: Longmans, Green and Co.
20. KANDYBA-FOXCROFT, E. 1981. Russia and the Anglo-Boer War 1899 - 1902. Roodepoort: Cum Books
21. LEENEN, J. 1946. "Theorie en praktyk van de straatnaamgeving." Toponymica X, Onomastica Neerlandica, Inst. Vla. toponymie, Leuven, N.V. Brussel: Standaard-Boekhandel
22. MACCANA, P. 1970. Celtic mythology. London: The Hamlyn Publishing Group Ltd.
23. MACLYSAGHT, E. 1978. The surnames of Ireland. Dublin: Irish Academic Press
24. MEAD, R. 1979. The Greek islands. London: B.T. Batsford Ltd.
25. MEAD, W.R. 1974. The Scandinavian Northlands. Oxford: Oxford University Press
26. MEIRING, B.A. 1979. Die semantiek van eiename. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika
27. MILLWARD, R. 1964. Scandinavian lands. London: Macmillan & Co.

28. MORRIS, W. (ed.) 1973. The heritage illustrated dictionary of the English language. Boston: American Heritage Publishing Co., Inc. and Houghton Mifflin Company
29. New Larousse encyclopedia of mythology. 1983. London: Hamlyn
30. NIENABER, P.J. 1972. Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek. Deel I. R.G.N. Kaapstad: Tafelberg
31. O'CORRAIN, D. and F. MAGUIRE. 1981. Gaelic personal names. Dublin: The Academy Press
32. OK Norden Atlas. 1981. Stockholm: Esselte Kartor Ab
33. PAKENHAM, T. 1979. Die Boere-Oorlog. Vertaal deur Leon Rousseau Johannesburg: Jonathan Ball Uitgewers
34. PAMA, C. 1983. Die groot Afrikaanse familienaamboek. Kaapstad: Human en Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.
35. RAPER, P.E. 1977. Pleknaamkundige praktyk. Naamkundereeks nr. 4. S.A. Naamkundesentrum, R.G.N. Pretoria: V. & R.-Drukkery (Edms.) Bpk.
36. - e.a. 1979. Handleiding by pleknaamgewing. R.G.N. Pretoria: V. & R.-Drukkery (Edms.) Bpk.
37. - 1987. The problem of exonyms. Nog ongepubliseerde Kongresreferaat.
38. Reader's Digest great encyclopaedic Dictionary. Vol. 1 - 3. 1973. The Reader's Digest Association, London, Second Edition (9th Impression). Oxford: University Press
39. SCHOLTZ, J. du P. 1974. Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans. Tweede uitgawe. Elsiesrivier: Nasou Beperk
40. VIGFUSSON, G. and R. CLEASBY. 1962. An Icelandic-English Dictionary. Oxford: Oxford University Press


41. VILMUNDARSON, T. 1983. Grímnir. Rit um nafnfræði 2.  
Ornefnastofnun þjóðminjasafns. Reykjavík.
42. Wêreldfokus. 1979. Ensiklopedie Afrikaana (Edms.) Bpk. Hersiene  
uitgawe. Deel 1 - 15.
43. Webster's New Geographical Dictionary. 1984. Springfield:  
Merriam-Webster Inc., Publishers
44. Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel 1 - 6. Pretoria: Die  
Staatsdrukker

#### ATLASSE EN KAARTE

- Reader's Digest Atlas. 1987. New York: The Reader's Digest  
Association Inc.
- Times Atlas of the World. 1968. Comprehensive Edition. Printing  
House Square, London: Times Newspapers Ltd.

#### Valhalla-kaarte

- S.G. File No. 12352:
- Survey Records No. 186/32  
Re-layout G.P. 66/32
  - S.G. No. A 415/35
  - S.G. No. A 823/40 Sheet 1, 2, 3



# VALHALLA

District Pretoria, Province Transvaal.  
 Surveyed in January—February 1940.

## SLOTWOORDE



Ek en ons seun Schalk Willem, wat die foto's geneem het, was in Desember 2013 op besoek aan die Noorde waar ek op die 13e in die Voortrekkermonument-kunsgalery my voordrag gelewer het oor die "Woordereis na die Brontaal – 'n belewenis van die hart". Die 12e besoek ons twee na drie dekades weer die huis in Valhalla waar ek grootgeword het (1953-1976) en my ouers bly woon het tot met my pa se afsterwe in 1981. Dit was 'n ontroerende ervaring. Dit het gevoel of my ouers op die stoep staan en vir my waai, my broer met sy Fiatjie glimlaggend by die hek ingery kom, en asof die familie en vriende wat oor jare die gasvrye drumpel betree het voor my verbybeweeg. Ek het weer beleef hoe ek in op 1 Mei 1976 as bruid hier uitgery het en as jonggetroude male sonder tal saam met my man en later eersteling, Schalk Willem, hier kom kuier het. Oneindige dank aan almal wat my innerlike bly(wend) verryk – dié wat ontslaap het en dié wat steeds my lewe deel.

Ek was so verras en bly om te sien hoe netjies en goedversorg veral Areskutanweg 34 daar uitgesien het. Aan die huidige eienaars: My opregte waardering en dank dat julle onbewustelik soveel mooi bewaar vir 'n reisiger soos ek.





**My ouers Helena Catharina en Johannes Gerhardus Borman by Areskutanweg 34 se voorstoep met agter hulle my ma se yslike afrikaners en my pa se stillewe daarvan op die volgende bladsy.**



**My ouers het in 1952 die huis beplan, my pa het die plan geteken, die paadjies en blombakke om die huis, selfs die motorhek se pilare, ontwerp en gebou/laat bou. Mnr. Bergman uit Holland was die bouer en oom Smit, ook 'n Hollander, was die skrynwerker. Bergman is terug, maar die Smit-gesin het gebly en hulle seun, Jan, was 'n skoolmaat. My pa se kunsateljee is later agter aan die garage gebou.**





**Ek groet ons huis.**